

GRAAD 7
50
Kwartaal 2
UUR

TOTAAL:

TYD: 1

Instruksies:

- **Lees die vrae deeglik deur.**
- **Kyk na die puntetoekenning van die vraag.**
- **Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.**
- **Laat 3 reëls oop en trek 'n streep daarna.**
- **Trek 'n 3 cm-puntekantlyn aan die regterkant van elke bladsy.**
- **Nommer jou antwoorde volgens die vraestel.**

Afdeling A:	Veelvuldige-keuse- en kortvrae	(20)
Afdeling B:	Toepassing van vaardighede	(25)
Afdeling C:	Langvrae	(5)

Afdeling A Veelvuldige-keuse- en kortvrae**Vraag 1**

Lees die volgende stellings deeglik deur en bepaal of dit waar of onwaar is. Indien die stelling na jou mening onwaar is, verskaf die korrekte weergawe met die feite. (5)

- 1.1 Die aardkors bestaan uit een groot stuk stollingsgesteente. (1)
- 1.2 Vulkane kan ook in die middel van tektoniese aardkorsplate voorkom, alhoewel dit nie die norm is nie. (1)
- 1.3 Warm, vloeibare rots wat bokant die aardoppervlak vloei, word magma genoem. (1)
- 1.4 Berg Kilimandjaro in Sentraal-Afrika is gevorm deur tektoniese aardkorsplate wat nader aan mekaar beweeg het. (1)
- 1.5 Die water wat in 'n rivier afvloei, beweeg die vinnigste in die middel van die rivier. (1)

Vraag 2

Kies die korrekte woord in die onderstande tabel wat by die definisies pas.

Skryf slegs die nommer en die korrekte woord neer, bv. 2.1A. (5)

Lynskaal	Berg St Helens	Buitekern	Richterskaal	Alfanumeries
Sumatra	Register	Bomskuilings	Ontruiming	Noorde van China

- 2.1 'n Lys van A tot Z agter in 'n boek wat jou vertel watter tipe dinge in die boek voorkom en waar jy dit kan kry. (1)
- 2.2 Neem mense weg na 'n veilige area tydens 'n aardbewing. (1)
- 2.3 'n Skaal wat opgedeel is sodat elke deel 'n afstand op die grond verteenwoordig. (1)
- 2.4 Lees eers die letter en dan die syfer, bv. B5. (1)
- 2.5 'n Tsoenami weens 'n aardbewing in die Indiese Oseaan in 2004, waar 250 000 mense sterf. (1)

Vraag 3 Kortvrae

Voorsien die ontbrekende woord om die sin sinvol te voltooi. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. (5)

- 3.1 Groot hoeveelhede ys wat stadig soos strome beweeg, word _____ genoem. (1)
- 3.2 Pype en geute aan 'n struktuur staan bekend as 'n _____. (1)
- 3.3 Die _____ is die area rondom die rivier wat met water bedek word wanneer die rivier uit sy gewone kanaal breek en dus in vloed is. (1)
- 3.4 _____ is breë en gelyke trappe op 'n heuwel wat gemaak word om gewasse op te plant. (1)
- 3.5 Wanneer grond weggespoel of verweer word, noem ons die proses _____. (1)

Vraag 4

Beantwoord die volgende vrae:

(5)

- 4.1) Verduidelik wat 'n kompas is. (1)
- 4.2) Wat is die verskil tussen 'n lynskaal en 'n woordskaal? (2)
- 4.3) Verduidelik wanneer magma lawa word. (2)

Totaal vir Afdeling A: 20)

Afdeling B Toepassing van vaardighede:

Vraag 1

Teken 'n duidelike skets wat aandui hoe die deursnee van die Aarde sal lyk. Dui die vlakke aan asook min of meer hoe diep of dik elke vlak is en noem wat die radius van die aarde is. (5)

Vraag 2

(10)

Gevallestudie:

Lees die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

'n Dorpie met die naam Pangloa is geleë op die grens van die Filippynse plaat en die Stille Oseaanplaat. Daar bly 6 000 inwoners daar. Die dorpie lê langs hoë berge wat altyd met 15 m dik en harde sneeu bedek is. Daar is ook twee eilande, 3 km van die kus af, wat deel van die dorp vorm. Op elke eiland bly daar 40 mense. Die twee plate beweeg baie stadig na mekaar toe. Die Filippynse Plaat word afgedruk en verkeer onder geweldige spanning. Meteens breek daar gesteentes onder die grond en die plaat ruk los om weer in posisie te kan kom. Die gevolge vir die dorpie en eilande is oorweldigend.



- 2.1 Noem drie verskillende rampe wat nou hier in en rondom Pangloa kan plaasvind. (3)
- 2.2 Noem vier van die aaklige gevolge van die natuurrampe wat die inwoners op land en op die eilande in die gesig staar. (4)
- 2.3 Die mense van Pangloa leef in 'n hoë-risiko-sone wat aardbewings betref. Mense sal nooit heeltmaal voorbereid kan wees vir aardbewings nie. Bespreek drie stappe wat die inwoners kan doen om hulleself beter voor te berei vir die moontlike aardbewing wat op pad is? (3)

Vraag 3**(5)**

Bestudeer die kaart van Ysland (Figuur A) en beantwoord dan die vrae wat volg:

- 3.1 Watter tipe natuurramp sal gereeld hier op Ysland voorkom? (1)
- 3.2 Gebruik die inligting wat op die kaart beskikbaar is en verskaf duidelike en deeglike redes vir jou antwoord by vraag 3.1. (3)
- 3.3 Wat is die afstand van Reykjavik tot by Krafla in kilometer? (1)

Vraag 4

Kaartwerk: Bestudeer die wêreldkaart (Figuur B) en beantwoord die vrae wat volg: **(5)**

- 4.1 Verskaf die koördinate vir die gemerkte letters A en B. (2)
- 4.2 Tussen watter **twee lengtelyne** sal ons die vasteland van Suid-Amerika vind? (1)
- 4.3 Tussen watter **twee breedtelyne** lê Australië? (1)
- 4.4 Benoem die lyn by C. (1)

Totaal vir Afdeling B: (25)**Afdeling C****Langvraag:**

Lees die stellings en beantwoord dan die volgende vrae volledig:

- 1 **Oorstromings kan voorkom word indien mense versigtig en verantwoordelik optree.** (5)

Noem en bespreek 5 dinge wat mense in verskillende areas kan doen om oorstromings daar te voorkom of die impak daarvan baie te verminder.

Totaal vir Afdeling C: (5)**Totaal vir vraestel: (50)****Figuur A**

Engels	Afrikaans
Iceland	Ysland
Mid-Atlantic Ridge	Mid-Atlantiese Rug
North American Plate	Noord-Amerikaanse Plaat
Eurasian Plate	Eurasiese Plaat
Atlantic Ocean	Atlantiese Oseaan



Figuur B

